**PASIËNTINLIGTINGSPAMFLET**

**SKEDULERINGSTATUS:** S0

**EIENDOMSNAAM EN DOSEERVORM:**

**CAMED Wound Support** topikale sproei.

Lees hierdie pamflet sorgvuldig deur aangesien dit belangrike inligting bevat. **CAMED Wound Support** is sonder 'n doktersvoorskrif beskikbaar. Nogtans moet jy **CAMED Wound Support** versigtig gebruik om die beste resultate te verkry.
Hou hierdie pamflet. Dit mag nodig wees om dit weer te lees.
Vra jou apteker indien jy meer inligting of advies benodig.
Raadpleeg 'n dokter indien jou simptome vererger of nie verbeter nie.

**WAT CAMED WOUND SUPPORT BEVAT**
Die aktiewe bestanddele is:
Elke sproei (0,15 ml) bevat: 0,36 mg Wound Support privaatpatent mengsel (Organiese suur-mengsel, askorbiensuur, niasienamied en riboflavien).

Gesuiwerde water is teenwoordig as onaktiewe bestanddeel.

**CAMED Wound Support** bevat geen alkohol of presser-veermiddels nie.

**WAARVOOR CAMED WOUND SUPPORT GEBRUIK WORD:**

**CAMED Wound Support** bestaan uit 'n kombinasie van verskillende organiese sure en vitamiene wat die wondgenesings-proses ondersteun en verbeter, en tot velgesondheid bydra.

**VOORDAT JY CAMED WOUND SUPPORT GEBRUIK:**

Moenie **CAMED Wound Support** gebruik nie:
Indien jy allergies is vir enige van die bestanddele (sien "**WAT CAMED WOUND SUPPORT BEVAT**").

Neem spesiale voorsorg met **CAMED Wound Support**:
Indien jy aan enige chroniese veltoestand lei (sien "**MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**").
Indien jy aan enige toestand lei wat die natuurlike wondgenesings-proses affekteer, bv. diabetes (hoë bloedsuiker).
Moenie **CAMED Wound Support** in kombinasie met enige ander topikale medisinale produkte aanwend nie.

**SWANGERSKAP EN BORSVOEDING:**

Die veiligheid en effektiwiteit van **CAMED Wound Support** gedurende swangerskap en borsvoeding is nie vasgestel nie.
Indien jy swanger is of jou baba borsvoed, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker vir advies voordat jy **CAMED Wound Support** gebruik.

**GEBRUIK VAN ANDER MEDISYNE SAAM MET CAMED WOUND SUPPORT:**

Stel altyd jou professionele gesondheidsorgwerker in kennis indien jy enige ander medisyne gebruik (Dit sluit komplementêre en tradisionele medisyne in).
**CAMED Wound Support** is geïndikeer vir topikale gebruik met geen absorbsie van die aktiewe bestanddele in betekenisvolle hoeveelhede nie. Geen interaksies word daarom verwag nie.

**HOE OM CAMED WOUND SUPPORT TE GEBRUIK**

Gebruik **CAMED Wound Support** altyd presies soos aangedui, of soos jou dokter of apteker dit aanbeveel het. Bevestig met jou dokter of apteker indien jy onseker is.

Berei die wond / geaffekteerde area voor deur dit deeglik met louwarm water skoon te maak.
Sproei **CAMED Wound Support** genoegsaam aan die wond / geaffekteerde area totdat dit deeglik nat is. Wend aan tweemaal per dag.

Indien jy **CAMED Wound Support** meer gebruik as wat jy behoort:
In die geval van oormatige gebruik, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.
Indien jy **CAMED Wound Support** meer gebruik as wat aangedui word, kan dit jou risiko om newe-effekte te ervaar verhoog (sien "**MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**").

**MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE**

**CAMED Wound Support** kan newe-effekte hê.
Nie alle newe-effekte wat vir **CAMED Wound Support** aangemeld is, is in hierdie pamflet ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid agteruitgaan of indien jy enige ongewenste effekte met die gebruik van hierdie medisyne ervaar, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander professionele gesondheidsorgwerker vir advies.
Bring die volgende newe-effekte onder jou dokter se aandag indien dit aanhou of lastig raak:
'n Tintelinde sensasie of irritasie op die plek van aanwending.
Indien jy enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie pamflet ingesluit is nie, stel asb jou dokter of apteker in kennis.

**BERGING EN WEGDOENING VAN CAMED WOUND SUPPORT**

Berg teen of benede 25 °C op 'n droë plek. Beskerm teen lig.
Berg in die oorpsronklike verpakking totdat jy dit benodig vir gebruik.
Moenie ná die vervaldatum wat op die etiket aangedui word, gebruik nie.
Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker. Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

**BERG ALLE MEDISYNE BUITE BEREIK VAN KINDERS.**

**AANBIEDING VAN CAMED WOUND SUPPORT**
'n Semi-deurskynende, plastiek, afgemete dosis-sproeibottel wat 100 ml **CAMED Wound Support** bevat.

**IDENTIFIKASIE VAN CAMED WOUND SUPPORT**
'n Ligte suurlemoenkleurige, viskeuse vloestof met 'n effense sitroengeur.

**AANSOEKNOMMER**
NAPPI Kode:

50 ml CAMED Wound Support 723259001.
100 ml CAMED Wound Support 723260001.
200 ml CAMED Wound Support 723261001.
500 ml CAMED Wound Support 723262001.

**NAAM EN ADRES VAN DIE APPLIKANT**
CAMED Pharmaceuticals (Pty) Ltd
Posbus 784
Lephalale
Limpopo
0555

**DATUM VAN PUBLIKASIE**
20 Junie 2019.

**KOMPLEMENTÊRE MEDISYNE**
Gesondheidsaanvulling
Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur SAHPRA vir kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie.

Professionele inligting is elektronies beskikbaar by:
http://www.camed-pharma.com

© CAMED Pharmaceuticals (Edms) Bpk 2020